

## BOEKBESPREKINGS

Dr. J. H. Kroeze, **Handboek Bybelse Geskiedenis, die Ou Testament**, Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria-Potchefstroom Kaapstad 1965.

Dit is 'n verdere uitgawe in die reeks van skoolhandboeke vir godsdiensoonderrig wat deur die uitgewers onderneem is.

Die skrywer is 'n bekende op die vakgebied van die Ou Testament. Met die bekwaamheid en vaardigheid van die egte vakman het die skrywer vir ons in goeie Afrikaans en op 'n verstaanbare wyse, 'n handboek in die hand gestel wat nie net vir die onderwyser nie, maar ook vir die predikant, kerkraads-lid, sondegskoolonderwyser en die lidmate van onskatbare waarde sal wees en met groot vrug gebruik kan word.

Die groot waarde van die boek is daarin geleë dat die boek nie net feite meedeel nie, maar ook telkens wys op die betekenis van die feite.

Die skrywer en die uitgewers verdien die dank van die Afrikaanse Kerke en die boek 'n baie wye kring van gebruikers, want die boek wil gebruik word.

Dr. J. I. de Wet.

---

Wolfgang Trillhaas, **Das Evangelium und der Zwang der Wohl-  
Standskultur**, Verlag Alfred Töpelmann, Berlin 1966.

Die boek is die samevatting van 'n reeks lesings deur die skrywer wat op uitnodiging van die teologiese fakulteit te Beunos Aires in 1965 gehou is.

Die boek sluit nou aan by die Etiek van die hand van die skrywer. Dit gaan om die vraag na die Christelike etiese besinning en handeling in 'n veranderende wêreld wat steeds meer gerig is op welvaart van enkeling en gemeenskap.

Die skrywer behoef in S.A. geen bekendstelling nie. Hierdie geskrif dra ook die kenmerke van sy ander geskrifte. Dit is goeie vakliteratuur en altyd lonend om daarvan kennis te neem. Hy stel aktuele sake aan die orde en probeer om op wetenskaplik verantwoorde wyse daarop te antwoord soos bv. oor die Christen en die moderne gemeenskap, die vraagstuk van meer vrye tyd, die verandering in die hedendaagse seksmoraal ens.

Die boek word aanbeveel en kan met vrug bestudeer word.

Dr. J. I. de Wet.

C. W. Mönnich, **Antiliturgica, Eenige Aantekeningen bij de Kerkelijke Feesten**, 123 bladsye. Uitgegee deur W. ten Have, Amsterdam 1966

Na 'n Woord Vooraf beslaan hierdie boekie vyf hoofstukke. Wat in die vyf hoofstukke betoog word, word eintlik reeds in nuce in die Woord Vooraf weergegee. Wat die skrywer met die hele geskrif wil bereik stel hyself soos volg: „ . . . het kan hed hoegenaamd niet schelen of zijn ideeën inzake de liturgie voor verwerkelijking vatbaar zijn of niet. Zolang hij twijfel heeft kunnen zaaien aangaande de alleenzaligmakendheid van wat tegenwoordig in de hoog omhoog strevende liturgische beweging gaande is, is hij tevreden”.

Die skrywer verklaar dat hy 'n „letterlike” gees is en geen sin of begrip van duistere simboliek het nie. Daarom wil hy dat die liturgie op die aarde moet plaasvind. Teenoor vergeesteliking moet enige mens beswaar aanteken. Dog die skrywer loop gevaar om die erediens van alle geestelike betekenis te stroop en tot iets uit die aarde aards te maak. Hierteen moet ook geprotesteer word.

Dat die skrywer deur sy radikaalkritiese benadering tot die liturgiese gebruike die leser tot nadenke en baie dikwels tot vuurwarm verset probeer, is beslis waar. Daarom, al stem 'n mens met geeneen van sy insigte saam nie, het die geskrif tog die waarde dat dit 'n mens dwing om vir homself rekenskap te gee van die sin en betekenis van die liturgiese gebruike en beskouings.

Onses insiens is die skrywer soms onnodig radikaal en „modern”. Dit blyk bv. uit sy vereiste dat daar 'n eetsaal en 'n danssaal in die kerkgebou behoort te wees. Dit spreek bv. ook uit sulke opmerkings soos dat die erediens 'n dans na die tafel van die Here toe is.

Wat wel as verdienstelik aangeteken moet word, is die feit dat dit vir die skrywer daarom gaan, dat geloof nie 'n lewensvreemde, onwerklike teorie is nie, maar as 'n realiteit beleef en bely moet word.

Dit is nuttig om die boek te lees.

Dr. J. I. de Wet.

Prof. dr. Hayo Gerdes, **Sören Kierkegaard**, Walter de Gruyter & Co., Berlin 1966 (Sammlung Göschen Band 1221). 134 p.p. Prys ongeveer 40c in Duitsland.

Die boekie is 'n kort biografie van Kierkegaard en nie soseer 'n uiteensetting van sy filosofie of teologie nie. Die metode wat die skrywer volg, is 'n eenvoudige en direkte metode en daarom die mees effektiewe. Hy begin deur ons die agtergrond van Kierkegaard te skets: sy familie, veral sy vader wat 'n geweldige invloed op hom uitgeoefen het; Kierkegaard se eie geaardheid; die godsdienstige en artistiese Kopenhagen van die tyd en so meer. Daarna volg die skrywer die lewensloop van Kierkegaard chronologies. Die boekie is egter geskryf met 'n bepaalde doel, naamlik om die leser van 'n inleiding te voorsien by die bestudering van die werke van Kierkegaard. Daarom word daar nie eenvoudig net die lewensloop van Kierkegaard verhaal nie, maar word spesifiek gekonsentreer op die gebeurtenisse en toestande wat 'n invloed op Kierkegaard se werke gehad het. Op die wyse kry ons ook wel heel kortliks met die werke self te doene, maar hier gee die skrywer ook eerder 'n karakterisering van die werke as die inhoud daarvan. Die bedoeling is dat die leser die werke van Kierkegaard self moet lees en die onderhawige werkie as inleiding en leidraad gebruik. Gesien in hierdie lig is dit vir sy omvang verreweg die knapste werk oor Kierkegaard wat aan my bekend is. Ek kan die boekie daarom baie sterk aanbeveel by enigeen wat 'n studie van Kierkegaard wil maak. Prof. Gerdes is een van die beste kenners van Kierkegaard en 'n mens moet beslis van sy werk kennis neem.

P. S. Dreyer.

---

H. Schroten, **Johannes Calvijn — Uitlegging van de Pastorale Brieven**. Uitgeverij J. H. Kok N.V., Kampen 1966, 308 blz.

Verskeie persone in Nederland het dit op hulle geneem om Calvyn se Kommentare op die Sendbriewe van Paulus weer uit die oorspronklike te vertaal. Dr. D. J. de Groot het die Brief aan die Romeine vertaal en in 1950 het die „Uitlegging van de Zendbrief van Paulus aan die Romeinen” by H. A. van Bottenburg N.V. te Amsterdam verskyn. Die uitgewers J. H. Kok N.V. Kampen het onderneem om die reeks verder te publiseer. Dr. Schroten se vertaling is die eerste wat by J. H. Kok verskyn het.

Die voorkoms van die boek is netjies en dit is goed en

stewig gebind. Die druk is maklik leesbaar en naslaanwerk kan met gemak gedoen word. Die boek getuig van die hoë standaard wat die uitgewers handhaaf en van die uitstekende vakmanne in hulle diens.

„Die Man van Geneve”, Johannes Calvyn, het as geestelike leier slegs enkeles as gelyke in die wêreldgeskiedenis. Uit die geskiedenis is hy oorbekend en baie is oor hom en van hom geskrywe. Calvyn se nalatenskap in sy geskryfte is egter vir baie mense ’n geslote boek omdat hy in Latyn geskryf het en sy werke nie altyd geredelik bekombaar is nie. Daarom is gevoel dat sy Kommentare op die Sendbriewe van Paulus in moderne Nederlands ’n deur sal open om met Calvyn self kennis te maak. Hierdie Kommentare dien as aanvulling by die vertaling van Calvyn se Institusie deur dr. A. Sizoo. Die Institusie het voortgekom uit Calvyn se eksegetiese werk en daarom verwys hy telkens in die Institusie na sy Kommentare en andersom.

Dit is geen gemaklike taak om Calvyn se werke te vertaal dat die hedendaagse leser dit sonder groot moeite kan verstaan nie want sy styl is so anders as die waaraan ons gewoond is en hy was ’n meester van die taal waarin hy geskryf het. Dr. Schroten moet daarom gelukkigewens word met hierdie voortreflike vertaling wat hy gedoen het. Die boek lees maklik, die woordkeuses is goed en die taal is helder en eenvoudig en gaan nie gebuk onder vreemde en moeilike woorde nie. Daar is ook heelwat voetnote ter verduideliking van minder bekende dinge wat in die teks opgehaal word.

Ek kan daarom hierdie boek met vrymoedigheid aanbeveel vir elkeen wat Calvyn self wil lees maar deur sy taal en styl geknel word. Dit is ’n ondervinding om die man wat geroepe was om so ’n moeilike pad te bewandel, en sulke uitnemende gewes ontvang het, die Woord van God te sien uitlê met die vaste geloof en sekere wete dat dit alleen maar gaan om die „sola gratia, sola fide en sola scriptura”.

J. J. P. Muller.